

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalfvirgenesing en bevryding

Sondag 15 Oktober 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Teks: Eks 25: 22

Die funksie van die mens se wedergebore gees:intuisie

Omgee:



- Cara Palmer is verswak na herhalende infeksies in haar ingewande.
- Tamica, agterkleindogter van oom Hekkie & tannie Sarie Schoeman word vir 'n nierprobleem behandel.
- Isébel Macleod se broer is ernstig siek met kanker.
- Gerida van Tonder se swaer is ernstig siek met kanker.
- Stella Calmeyer was Dinsdag in 'n *smash 'n grab* en haar handsak is gesteel.
- Eugene Erasmus is ook met 'n wapen gedreig en beroof.
- Francois, Welna en Chanzel Kruger was in die fliekteater by Cradlestone Mall toe die dak afwaai.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- **Gemeente-toerusting** **Hoërskool kategese** begin weer vanaand met die **Droom-kursus** wat Marietjie Volschenk gaan aanbied as toerusting. Dit begin vroeër as gewoonlik, om **17:00**.
- **Volgende Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **20-22 Oktober** by Bergbron. Koste is R200 per persoon of R300 per paar wat 'n werkboek en etes vir die naweek insluit. Besprekings kan by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- **'n Oorwinnaars vir Huwelike** word ook beplan vir **27-28 Oktober** by Bergbron. Besprekings kan ook by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Databasis:** stuur jou naam en die vaardighede waarmee jy diensbaar kan wees, asook jou beroep vir die kerkkantoor: kantoor@bergbron.org.za. Indien jy nie e-pos het nie, kan jy dit per whatsapp stuur na **Fanie Olivier** by 079 710 2344
- **Tee/koffie skinkbeurt** – vandag is dit Groep 3, Lettie, Elize en Sue, se beurt. Volgende Sondag skink Groep 4, Martie, Welna en Michelle.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).

Die lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel

- Lees: Eks 25: 10-22.
- Fokus: Eks 25: 22.
- **Die funksies van die mens se wedergebore gees: Intuisie.**
Ons moet 'n onderskeid tref tussen “weet” en “verstaan”. My wedergebore gees “weet” terwyl ek in my denke/verstand “verstaan”. 'n Gelowige “weet” die dinge van God deur die intuïsie van sy gees. In 'n sekere mate kan ons denke slegs “verstaan” en nie werklik “weet” nie. Weet is die werk van ons intuïsie – verstaan is weer die werk van ons denke. Die Heilige Gees stel ons gees instaat om te weet wat God se wil is vir ons lewens, en ons gees onderrig dan ons denke om te verstaan (vgl 1 Joh 2: 20, 27). In geestelike sake is dit moontlik om te weet sonder om dadelik te verstaan.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Wat is die drie hoof funksies van die mens se wedergebore gees? (vgl Eks 25: 22)
- Verduidelik hoe kommunikeer die Heilige Gees deur die mens se wedergebore gees se intuïsie.
- Op watter drie wyses kan die Heilige Gees gelowiges se gees opwek om God se wil en plan uit te voer?

Gebed

☞ ONTHOU ASB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**
Sondagoggende is daargeleentheid vir ALLE lidmate omsaamtebid vir die twee eredienste asook gemeente-aktiwiteite.

Hierdie is 'n oproep tot gebed!

Kom ons as Gemeente neem die uitnodiging aan en bid saam vir ons land en mense.

Ons stel die volgende voor:

1. Dat gemeentes en gebedsgroepe landswyd op Sondag 15, 22 en 29 Oktober 2017 in gemeentes sal bid vir reën en die verbreking van die droogte.
2. Dat die week van 8-15 Oktober 2017 gebruik word om 'n 24/7 gebedswag op te rig waar gemeentes, gebedsgroepe, gebedswagte, asook individue dag en nag voor die troon van God sal kom om vir hierdie saak te bid. In Psalm 46:2 lees ons: "Hy was nog altyd bereid om te help in nood." In die 1953 Afrikaanse Bybel word dit so vertaal: "As hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef."

Gebedsriglyne

Wanneer daar nood en rampe is, soek God altyd iemand om in die bres te staan. Hy soek na manne en vroue wat voor Hom sal kom staan en vir die saak/sake sal bid. Bid dat Christene voor God sal kom staan en as intersessors/voorbidders sal optree oor hierdie saak. Esegïël 22:30 - Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie.

Oproep tot gebed vir die verbreking van die droogte en vir mense om terug te draai na God toe.

Ons land beleef tans 'n uitgerekte en vernietigende droogte in baie gebiede in die die land - veral die Oos-Kaap, Karoo, Noord-Kaap, asook die Suid- en Wes-Kaap. Daar is ook ander dele waar reën dringend nodig is. Min mense is bewus van die omvang van die probleem. In sommigestreke is hierdie droogte reeds bykans 5 jaar aan die gang. Boere sien daaglik hoe diere vrek, landerye verdor en oeste tot niet gaan. Dit is traumaties om in dele te kom waar daar droogte is en die werklikheid van hierdie situasie te sien. Laat ons as kerk ons voor God verootmoedig en by God smeek vir uitkoms.

- Laat elkeen sy eie hart ondersoek en vir die Here vra om ons te vergewe vir enige sonde wat Hy vir ons uitwys. Jesaja 59:1- 2) - Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie. Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie.
- Ons land het van God af wegbeweeg en ons soek nie die Koninkryk van God nie. Onssoeknaons eie belange en eie voordeel. Wanneer ons rondom ons kyk, het ons 'n korrupte land geword wat in opstand is teen God, goddeloos en godloos lewe. Die Skrif sê baie duidelik: Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee. (Matteus 6:33). Die volgende Skrifgedeelte is relevant vir ons situasie: My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie. (Jeremia 2:13).
- Bid oor enige onreg wat plaasgevind het en steeds plaasvind tussen werkgewers en werknemers. Daar is skuldaan beide kante. Bid dat die twee groepe mekaar nie sal veroordeel nie, maar hulle saam sal verootmoedig en saam tot God sal bid vir Sy hulp. Hierdie swak verhoudings is nie net op plase nie, maar in alle sektore van die samelewing.

- Bid vir boere wat moed verloor het of wat bitter en opstandig is. Bid datons in hierdie tyd nie opstandig sal wees nie.
- God gebruik dikwels natuurrampe wat plaasvind om ons aandag te kry. Bid dat God deursy Gees vir ons sal wys wat dit is wat Hy wil hê ons moet sien en hoor.
- Bid dat God vir ons dankbare harte sal gee. Ten spyte van die droogte is daar steeds baie waarvoor ons God kan en moet dank. Laat ons Hom dank vir plekke waar daar reeds reën geval het. 1 Tessalonisense 5:18 - Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.
- Laat ons eendragtig tot God uitroep om genadig te wees en reën te gee. Laatons met gebed en smeking na die troon van God toe kom, sodat ons op die regte tyd gehelp kan word. Hebreërs 4:16 - Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetron, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.
- Bid dat daar nie storms, hael en vernietigende winde sal wees wanneer die reën kom nie.
- Bid dat die regering in die Kaapse Skiereiland daadwerklike stappe sal neem om te werk aan sinvolle oplossings vir watervoorsiening en die gebruik van beskikbare water.
- Psalm 68:9-10 besing die effek van 'n manifestasie van God se Teenwoordigheid op die aarde; hoedat Sy Teenwoordigheid 'n oorvloedige reën tot gevolg het, en die dorre land weer lewe kry. Laatons met ons woorde, dade, gedagtes en leefstyle so lewe dat ons God se Teenwoordigheid in ons rondra. Kom ons vra Hom om ons land op hierdie manier te besoek.
- 1 Konings 18. In die tyd van Elia was daar 'n landswe droogte. God het dit toegelaat as gevolg van afgodery. Hierdie hoofstuk beskryf die dramatiese konfrontasie tussen Elia en die Baälprofete. Die uiteinde was 'n nasionale erkenning dat die Here God is. Laat ons bid totdat daar 'n landswe bekering van mense na die God van die Bybel is. Laat elkeen van ons, ons eie harte ondersoek en van alle "Baäls" ontslae raak. Laat ons soos Elia uitroep: "Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer." 1Kon.18:37.
- Lees Psalm 37 aanbiddenddeur.

Gerhard en Susan

Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul 'n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

Lekker verjaar ...!

19 /10 MARA SORGDRAGER
21 /10 RUBEN KRUGER

Verjaardae in die week:

072 611 4696 011 472 2180
082 777 0632

Mag die Here jou oorvloedig seën

Bergbron besonderhede

Bergbron webwerf: www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,
stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076
867 3125, zooch234@gmail.com

Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)

Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 065 396 8320

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

Bankbesonderhede: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek.
180 350 349

Hervormingsfees 23 – 29 Oktober

- Maandag tot Donderdag, 19:00, Sondag om 18:00 saam met Ontdekkers, Witpoortjie en Newclare gemeentes, in die kerkgebou van Ontdekkers te Phillipslaan, Discovery.